CQ BOLAND

NUUSBRIEF VAN
DIE BOLAND AMATEURRADIO KLUB
NOVEMBER 2004

KOMITEE VAN BOLAND AMATEURRADIO KLUB

Voorsitter/Tesourier	Rassie Erasmus	ZS1YT	021-8545764
Ondervoorsitter/Sekretaris	Karl Canitz	ZS1KC	021-9765237
Skakelbeampte	Henry Chamberlain	ZS1AAZ	021-8871509
Bulletinrooster	René van Zyl	ZS1VR	021-9762057
CQ Boland	Johan le Roux	ZU1LR	021-9192246
Web Meester	Deon Heydenrych	ZS1G	0826539884
Regssake	Olivier van Staden	ZS1OLI	021-8698564

KLUBBULLETINS

Tyd:	Sondae om 7:45 en 20:30.
Frekwensies:	3670kHz, 7094kHz LSB en 145,700 FM Kom gesels Sondagaande saam op 3670kHz

WEB-WERF

Besoek die klub se Web-werf by http://www.qsl.net/zs1bak/index.htm

KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING

U word vriendelik uitgenooi na die klubvergadering op Saterdag 20 November 2004 om 11:00 by Boland Landbouskool in die Agter Paarl. Die vergadering behoort so teen 12 uur klaar te wees en daarna sal die braaivleisvure aangesteek word. Bring u eie kos, eetgerei, drinkgoed, hout, stoele, rooster ens. saam. Verder in hierdie uitgawe is 'n beskrywing om by die skool uit te kom.

BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se Amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskresie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepastheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste vier weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met behulp van e-pos, pakketradio of op disket gestuur word.

Stuur u bydraes aan:

Pakket:	ZU1LR@ZS0BEL.TBG.WCP.ZAF.AF
E-pos:	ZU1LR@MAILBOX.CO.ZA
Posadres:	CQ Boland Posbus 2105 Dennesig 7601

DIE VOORSITTER SÊ:

(En die Tesourier ook)

Einde September was die afsnydatum vir die hernuwing van klublidmaatskap. Meeste van ons lede het getrou hernu en daar kom nog so stadig ledegeld in. Ongelukkig vir ‘n paar ouens gaan hulle egter net van hierdie puik uitgawe van CQ Boland hoor op die lug aangesien hulle nie lidmaatskap hernu het nie.

Ons laaste vergadering in September wat ‘n besoek van Graham Hartlett, President van die SARL, ingesluit het, was ‘n reuse sukses. Sommer nog weke daarna het ek die ouens hoor gesels op 2m oor hoe lekker die geleentheid was en hoe daar om die braaivleisvure gekuier het. Hiermee dan ook namens BARK my dank aan Graham en sy LV wat ‘n groot deel van die koste verbonde aan die besoek uit hulle eie sak gedra het.

Van vergaderings gepraat, BARK se komende ledevergadering gaan weer in dieselfde pragtige natuurreservaat gehou word. Omdat dit ons laaste byeenkoms vir die jaar is, wil ek sien dat dit sommer ‘n lekker gesellige een is. Bring die hele gesin saam en kom geniet die buitelugbraai. Buiten die klubhuis is daar genoegsaam koelte bome vir ‘n onvergeetlikke kuier.

Vir die van u wat die nie sal kan maak nie wil ek sommer nou die geleentheid gebruik om ‘n Gesëende Kersfees en ‘n voorspoedige 2005 toe te wens. As ut op die pad gaan gedurende die vakansie, onthou om heel eerste die radios en antennas in te pak en dan veilig te bestuur.

Groete van hok tot hok.

Rassie ZS1YT

REDAKSIONEEL

Johan, ZU1LR

Baie dankie aan Ean, ZS1PR vir al sy bydraes. Ek het gehoop dat ek weer bydraes van LVs gaan ontvang na die bydrae van Daleen, die LV van Rassie ZS1YT, in die vorige uitgawe. Hierdie is dan ook alweer die laaste uitgawe van die jaar. Ry versigtig! Ek hoop almal het baie kontakte gedurende hierdie Kerstyd. ‘n Geseënde kersfees en ‘n voorspoedige nuwe jaar aan elkeen van u en u gesinne.

Groetnis tot die volgende uitgawe.

KOM ONS GESELS TEGNIES

DIE 6146 BUIS-FAMILIE

Ean, ZS1PR

Die 6146 buis is baie bekend by veral die van ons wat al ‘n klompie jare op die lug is.

Vanaf die vroeë vyftigerjare tot en met 1980 is die 6146 as “finale” buis gebruik in baie verskillende modelle HF en BHF senders.

Net soos die bekende wynmaak neefs van die Robertson distrik is daar ook vier lede in hierdie familie, naamlik die 6146, 6146A, 6146B en die baie skaarser 6146W.

Die basiese 6146 is “opgevolg” deur die 6146A. Die enigste verskil tussen die twee is dat die 6146A ‘n verhitter (“Filament”) het wat meer bestand is teen vibrasie en oor ‘n wyer bereik spanning kon werk. Dit is die mees algemene buis wat u sal teekom.



In 1964 het RCA die 6146B op die mark gebring. Die buis kon ‘n derde meer krag lewer en volgens RCA en later ook vervaardigers soos Collins en Heath kon dit direk in die plek van die 6146A ingedruk word.

Gebruikers het egter gou agtergekom dat dit nie altyd so gewerk het nie. Ouer toerusting wat vir die 6146 en 6146A gebou was se neutralisasie komponente het oorverhit. Collins het toe later gewaarsku dat die 6146B nie in die 32S-reeks en KWM-2 en KWM-2A gebruik moet word nie. U kan egter met veiligheid ‘n 6146 of 6146A in ‘n sender gebruik wat vir ‘n 6146B gemaak is.

Die VSA Weermag het laastens ook die 6146W laat vervaardig. Dit is gewoonlik die 6146B in ‘n robuuster weergawe. Die buise is baie skaars maar gee baie goeie werkverrigting. Gebruik dit egter liefs net in plek van ‘n 6146B as u dit in die hande kry.

U mag ook die 8298 raakloop wat soos ‘n 6146 lyk. Dit is ‘n verbeterde 6146A wat deur General Electric, Motorola en ander vervaardigers in BHF senders tot en met 172 MHz gebruik. Dit werk puik in HF apparaat. Wees egter versigtig met die 8298A, want dit is ‘n 6146B weergawe.

‘n Ander buis wat u mag raakloop wat ook soos ‘n 6146 lyk is die 6293. Die buis is ontwerp vir “puls” diens tot en met 1 kilowatt piek in ‘n kort puls. Die basiese verskil tussen die en die gewone 6146 is dat die anode van ‘n “sterker” konstruksie is. Hierdie buis lewer baie beter werkverrigting op die twaalf en tien meterbande as die normale 6146 en sal in normale gebruik ‘n lewe van vyf tot tien keer so lank as ‘n gewone 6146 hê.

Die 12 Volt ekwavilent van die 6146A is die 6883A, terwyl die 6883B die 12 V ekwavilent van die 6146B is. Daar was ook variasies van die vir BHF-FM diens bekend as die 8032 (6883A) en 8552/8032A (6883B). U sal van hulle in die ouer Motorola Motrac toerusting raakloop. Die 8552 is veral geneig tot parasitiese ossilasies, so bly liefs weg van hulle……..

Laastens so 'n bietjie raad uit eie ondervinding:

In meeste Amateur-senders met twee 6146 buise in parallel vind mens dat die handbook 'n maksimum Anode-stroom van 250 milli-Ampere aangee.

As u 'n Linieêre versterker aandryf, beperk die stroom tot 200 mA. Die kraguitset sal minimal minder wees, maar die modulasie sal baie mooier wees en die sein merkbaar "skoner". Ek het dit met baie toetse op die lug bevestig, terwyl Collins die enigste vervaardiger is wat ek gesien het dit in hulle handleidings aanbeveel.

U kan dit gerus ook maar doen as u sonder 'n versterker loop. Dit is baie beter om een of twee dB seinsterkte te "ruil" vir mooi modulasie en 'n "skoon" sein.

Die 6146 soos die 811A is 'n ou "kanniedood" wat seker nog vir 'n lang tyd RF gaan opwek op die Amateurbande!

BARK VERGADERING:
20 NOVEMBER 2004

Deur Johan, ZU1LR

Die volgende BARK vergadering vind plaas by Boland Landbouskool in die Agter Paarl.

As u van Kaapstad se rigting noord ry op die N1, neem u die Klapmuts/Wellington afrit. Dit is die R44. Net voor Windmeul sal u die afdraai na links kry. As u by die koelkamers en die afdraaipad na Olivier, ZS1OLI se plaas kom is u te ver. Volg die pad tot by Boland Landbouskool. Bystand sal op 145.500 wees.



Sien kaart vir roete

NOG ‘N BRAAI STORIE UIT GABOEN

EAN, ZS1PR - Port Gentil

So ‘n tyd gelede (CQ BOLAND September 2003) het u vertel van ‘n Visbraai wat “ietwat” van ‘n fiasko was. Wel, nou het ek ook ‘n katastrofiese vleisbraai hier ervaar.

Daar word besluit om een Sondagmiddag hier ‘n groot vleisbraai te hou. ‘n Amerikaanse Ingenieur (wat toevallig so ‘n jaar in Eversdal – Durbanville gewoon het), het die besigheid gereël. Ons het almal 6 000 CFA (Sowat R 72) ingesit vir die braai.

Ek was oortuig dat die baie beter as die visbraai sou wees want die “hoof-braaier” was 'n Argentyn uit Comodoro Rivadavia. U sal dit op 'n kaart redelik ver suid teen die Argentynse kuslyn vind. Dit is die dorp waar daar baie mense van Afrikaanse afkoms is wie se voorouers na die Anglo-Boere oorlog soontoe uitgewyk het (Lyk my Afrikaners trek so elke klompie geslagte en laat hulle "merk" op 'n plek). Die Argentyn het my vertel dat: “Boers Barbeque is the best, especially when they make funds for their church”.

In ieder geval het ek gereken dat hy iets van braai by hulle geleer het. Hy is in ieder geval 'n kampeerder (Abba woonwa op 'n Ford F250 bakkie) en bergstroom-hengelaar, so weet seker wat om met vleis en 'n vuur te maak. Argentyne is in ieder geval ook groot vleisbraaiers. Die Amerikaanse Ingenieur wat dit gereël het se braaivleis het ek voorheen geproe, hy braai goed.

Toe ek buite kom was die grootbek Argentyn al aan die braai. Hy het begin nog voor die vlamme heeltemal uitgebrand was. Die houtskool kole was baie warm.

Die hoenders is so in die helfte oopgesny en oopgevlek en saam met dit was daar Lebanese skaapwors - Baie sterk gekruie. Dit is al wors wat mens hier kan koop. Omdat alle skaapvleis ingevoer moet word, maak geen slagter plaaslik wors nie.

Nou ja, dit was nie baie lank nie toe begin die eerste vet van die wors drup en die hele besigheid was in ‘n ommesientjie ‘n see van vlamme. Dit is ‘n lang braaibak van twee meter wyd en die ou kon nie bybly nie. Ek dink so by

myself dat mens mos eers die vleis braai en nie die wors nie, veral as jy met te warm kole sit……

Die Amerikaanse Ingenieur het oorgeneem na die Argentyn letterlik die hare van sy hande geskroei het. Hy het ook maar sy hande vol gehad. Toe eers die wors bietjie eenkant gesit.

Later is die braaiery oorgeneem deur 'n Engelsman wat tans in Kaapstad (Table View) woon.

Die meeste van die wors het toe al so 2-3 mm soliede houtskool buite om gebrand. Die hoender het hy toe mooi stadig gebraai tot dit goed deur gaar was.

Toe gaan eet ons binne want daar het baie vlieë opgedaag en die muskiete het ook bietjie lastig geraak soos dit begin donker word.

Die hoender se bietjie 'verbrand' buite om was nie 'n groot probleem nie, mens trek mos maar net die vel af.



Maar ai! Gedurende die voorbereiding en weer met die braai het iemand die hoender 'n klomp keer met braai-sout gegooi en dit smaak net ene sout. Wat sê die Engelse nou weer van te veel kokke? Ek het al snoek ge-eet wat baie sout was, maar nog nooit hoender wat so smaak nie. Ek moes deur die nag opstaan om water te drink. My Vrystaatse Ouma het altyd verwys na “Die vis wat weer wil swem” as mens vir aandete souterige vis gehad het, maar ek het nooit geweet ‘n hoender kan so water soek in die nag nie!

Toe praat hulle van die volgende Sondag weer so maak. Maar die keer Skaaptjops. Nou soos gesê is hier is geen skape in Gaboen nie en skaapvleis is DUUR want dit is ingevoer. Ek het skielik ontdek dat ek die Sondagmiddag werk het om te doen en my uitgedraai uit die ding uit. Ek wou nie goeie geld betaal vir nog so 'n fiasko nie.

Ons is nou vier Suid-Afrikaners hier en ek het my voorgeneem om nie weer aan ‘n braai deel te neem as dit nie deur een van my landgenote van begin tot einde gehanteer word nie!

Port Gentil

BARK VERGADERING VAN SATERDAG 26 JUNIE 2004

Deur Johan, ZU1LR

Die President van die Suid Afrikaanse Radioliga, Graham Hartlett (ZS6GJH) en sy gade Natascha (ZR6GJH) was die eregaste by hierdie BARK vergadering. Die president het almal ingelig oor liga sake. Daar was ook besoekers uit divisie 6 wat kom inloer het. Dit was weereens 'n reenerige bolandse dag, maar die gees in die saal was lekker warm. Of was dit nou die vuur? Baie dankie aan Bennie, ZR1JHD en Olivier, ZS1OLI vir die organiseering van die saal.

Pieter, ZR1AEE luister aandagtig gedurende die vergadering.

Die volgende 60 persone het die teenwoordigheidslys geteken.

AUCAMP, JOHAN ZS1GP
BASSON, ABE ZS1OZ
BOSHOFF, ALBERT ZS1BA
BOSHOFF, DEIRDRE
BOUWER, JOHANN ZS1MB
CANITZ, KARL ZS1KC
CHAMBERLAIN, HENRY ZS1AAZ
COETZEE, SAKKIE ZS6BPA
CONRADIE, ANITA
CONRADIE, PHILIP ZS1CON
DE VILLIERS, FRANCOIS ZR1ACF
DE VILLIERS, FRANCOIS ZR1FDV
DE VILLIES, JEAN-PIERRE ZR1JPD
DE VOS, DESRAY ZR1VOX
DE VOS, ELDRED ZS1DJ
DE WIT, CHRIS
DRY, E.J. ZR1EJD
DU PLESIS, DOEPIE ZS1HK
ERASMUS, LOURENS ZS1BFE
ERASMUS, RASSIE ZS1YT
GREEFF, FRED ZR1C
HAARHOF, BENNIE ZR1JHD
HAARHOF, JOE ZS1AAB
HAARHOFF, RINA
HARTLETT, GRAHAM ZS6GJH
HARTLETT, NATASCHA ZR6NHA
HEYDENRYCH, DEON ZS1G
HUGO, JAN ZS1JH
HYMAN, CLYDE ZS1CS
JACOBS, PIETER ZR1AEE
JACOBS, PIETER ZS1UH
KEANLY, PETER ZS1W
KENNY, APPOLIS ZS1KY
KNOPF, KLAUS ZS1QO
KORKIE, LEON ZS1MM
LE ROUX, ALMA
LE ROUX, JOHAN ZU1LR
LOUW, LOUWTJIE ZS1MV
LOUW, MARTHA
NOTHLING, HANS ZS1WZ
OPPERMAN, FREDA
OPPERMAN, OPPIE ZS1OP
PANSEGROW, PHIL ZS1PAN
PERRINS, ANDREW ZR1SBM
ROBB, FRANK ZR1HR
SADIE, BENNA ZR1BEN

SCHEEPERS, BOB ZS1BOB
SMIT, SMITTIE ZS1AK
STEENKAMP, CAS ZS1BID
STEENKAMP, JEANETTA
TROMP, PIERRE ZR1PDT
VAN HEERDEN, LOUIS ZS1LVH
VAN STADEN, OLIVIER ZS10LI
VAN WYK, KOOS ZS1KVW
VAN ZYL, BETSIE
VAN ZYL, RENE ZS1VR
VERMEULEN, SUSARAH
VERMEULEN, TIENIE ZS1HO
VOORTMAN, BUD ZS1B
WATSON, JOHN ZS6ABJ

INDRUKKE VAN 'N BESOEK AAN DIE KONGO

Ean Retief ZS1PR

Vir meeste van ons bring die naam "Kongo" natuurlik die gedagte aan die DRK ("Zaire" – ex ou Belgiese Kongo). 'n gevaarlike plek met groot piesangs!

Daar is natuurlik nog die ander Kongo Noord van die rivier, naamlik die "Republiek van die Kongo", ook algemeen bekend as die Kongo-Brazzaville (Die ou Franse Kongo). Radio roepsein is TN vir die DXers.

Ek het onlangs drie weke in Pointe Noire, die grootse hawestad en ook die middelpunt van die land se oliebedryf deurgebring. Ek is daar weg met positiewe en negatiewe indrukke, maar moet sê dat die positiewe ietwat meer as die negatiewe is.

Met die land by die lughawe kon mens sien dat die kleinerige terminal-gebou maar erg verwaarloos is. Die hele stad is verwaarloos, paaie in 'n toestand en slegs so 'n derde van die verkeersligte werk terwyl die helfte van die wat wel werk 'n klomp ligte dood het. Baie geboue lyk reg om inmekaar te val.

Aan die positiewe kant word daar verwag dat van nou tot 2007 goeie ekonomiese jare gaan wees hier, veral tov die oliebedryf.

Op die lughawe word die kleinerige eindpunt-gebou verdriedubbel deur aan die een kant aan te bou en ook vorentoe (weg van die aanloopbaan) aan te bou. Ek glo dus dat as deel van die proses sal die ou gedeelte seker ook opgeknap word. Daar word ook redelik baie nuwe geboue (veral groot spoggerige huise) gebou en baie huise, winkels en kantore word opgeknap en vertoon reeds mooi, maar die meeste van die stad is egter nog vervalle.

Op hierdie punt kan ek miskien afdwaal na 'n interessantheid omtrent huise: Die tweede dag vra ek een van die franse oor 'n sekere styl huis wat mens hier en daar sien en heeltemal anders lyk as die meeste huise met hulle groot stoepe. "Is dit 'n franse plattelandse styl?" wou ek weet. "Nee, dit is Russies" kom die antwoord. Na onafhanklikheid in 1960 was die land vir byna drie dekades

kommunisties en hierdie huise is gebou vir diplomate, handels-missie amptenare, tegniese adviseurs en ander kamerade uit die USSR in tipies russiese styl. Ek het net twee van al hierdie huise gesien waar daar enige herstelwerk aan gedoen word. Hulle is glo nie populêr nie want met hulle klein vensters en min ventilasie-openinge is hulle te “dig” vir ‘n tropiese klimaat.

Daar is ook glo begroot vir heelwat pad herstelwerk en in tyd wat ek daar was het hulle



met meeste teerstrate in die middestad begin wat herstel of heeltemal oorgebou word. Die hoofstraat is byna voltooi net voor ek daar weg is. Ook om die lughawe word daar aan paaie gewerk. Ek moet miskien vir u noem dat net die groter strate geteer is, feitlik alle systrate is sandpaaie. Ons het drie blokke van die hoofstraat gebly en ek moes een aand in ons straat die Landcruiser se vierwiel-dryf gebruik om uit die los sand te kom.

Die Elektriese krag word 99% uit Hidro-opwekking verkry maar is maar wisselvallig. Die straat wat ons in woon is se inwoners is almal buitelanders. Soms gaan die die krag tot twee keer op ‘n aand af. Binne vyf sekondes sien jy geen verskil in die straat nie, want elke huis het 'n groot outomatiese kragopwekker wat inskop as die krag afgaan. Die opwekkers is groot genoeg om alles, insluitende die stowe en warmwaterstelsels asook die lugreëlaars te voorsien.

Net die paar hoofstrate het straatligte. Meeste huise wat deur buitelanders bewoon word het ligte in die tuine of teen die buitekant van die muur aan die straatkant om die straat te verlig. Dus is daar geen aanduiding dat die krag af is nie. Net so in die eerste 2-3 sekondes na die krag afgegaan het klink dit soos 'n weermag-konvooi wat "opstart" soos al die diesel-kragopwekkers aan die gang kom!

Watertoevoer is ook nie betroubaar nie. Daarom het elkeen van ons Soutmyn se twee stafhuise ‘n ondergrondse sement-tenk van sowat vyftienduisend liter met ‘n balklep aan die toevoer. Uit hierdie tenk hou ‘n elektriese pompie via ‘n klein druktenk die huise se watertoevoer onder goeie druk en lewering.

Ek is normaalweg in Port Gentil in Gaboen gestasioneer en daar kan mens lekker eet, maar in die Kongo doen hulle werklik moeite met die aanbieding. Byvoorbeeld, as jy eiers en ham bestel is die ham in so 5mm strokies gesny en in 'n "kruis-blokkies-patroon" oor jou eiers neergelê. Dit is nogal iets om te aanskou. Alle kos word baie dekoratief voorgesit. Soos my LV altyd sê: "Mens eet met jou oë ook".

Baie meer vrugte te koop, veral Piesangs (drie soorte, die gewone en dan die baie soet "klein duimpie" wat mens in Zoeloeland ook kry, asook die regte ou groot ‘Kongo-piesangs’), reuse granadillas en klein lemoentjies (“Clementine”). Dit is eintlik wonderlik as mens in gedagte hou dat minder as een persent van die land geskik is vir landbou. Mens kry ook teen baie goeie pryse mooi pere en klein appels. Die laasgenoemde twee word ingevoer uit Suid-Afrika.

Die grond is beter as Port Gentil waar mens eintlik in brak arm seesand is, so daar is orals baie blomme en reuse bome te sien. Daar is ook 'n kultuurverskil tov plante. By meeste staf- en buitelanders se huise in Port Gentil kry mens dat hulle eenmaal in so

twee weke tuindienste inkry wat gras, heinings en bome sny. Die enigste blomme wat mens sien is gewoonlik Hibiskus. Gaboenese self maak glad nie tuin nie! Party ouens woon jare as eienaar in 'n huis en daar is nog nooit 'n sooi op daardie werf omgespit nie……..

Hier het elke groot huis 'n tuinier wat so een of twee dae 'n week inkom en jy kan elke buitelander se tuin deur 'n ring trek met baie struike en bome wat blom. Ook die plaaslike mense is lief vir blomme.

Tot op redelik armoedige woonstelle se stoepe is potplante wat blom. Baie reuse bome. Die soutmyn se twee stafhuise (langs mekaar) is soos gesê drie blokke van die hoofstraat en reeds daar is besonder baie voëls agv die hoë bome en baie struike.

Ek het ses kwekerye gesien waarvan een hoofsaaklik in orgidee spesialiseer. Drie is redelik groot formele besighede, terwyl drie "straatmark" kwekerye is wat vir die armer mark bemark, maar hulle maak 'n lewe, so mense moet seker redelik koop.

Selfs voor winkels en besighede is tuintjies, al is dit net 'n paar struike in potte.

Op pad na die soutmyn is 'n woonstel op die boonste verdieping van ‘n gebou waar die ou 'n reuse boom (seker in 'n groot pot) het. Die ding rank al voor bo om die geut bo die dak uit die lug in. Hy sal hom seker moet agterlaat as hy die dag trek! Hier kan ek ook noem dat daar blykbaar nie regulasies/riglyne tov stadsbeplanning bestaan nie. Regs langs fabrieke in die industriële gebied kry jy huise. Langs ons soutmyn se aanleg word tans ‘n spoggerige dubbelverdieping huis gebou. Hulle uitsig gaan tot ‘n groot mate op ons aanleg se werf en die van ‘n ander olie-industrie maatskappy wees.

Wat egter ‘n groot negatief is, is dat daar geen verwydering van tuinvullis is nie. So selfs in die mooiste buurte word tuinvullis aan die kant van die straat gegooi en aan die brand gesteek. Selfs regoor die President se vakansiehuis aan die strand-kant van die straat lê so ‘n groot kol verbrande gras en takke……

Ongelukkig beland daar in die armer buurte ook sommer papiere en blikke op hierdie hope en die rondloper-honde (en soms mense) krap daarin rond.

Aan die ander kant moet mens darem sê dat feitlik alles herwin word. Enigiets wat lyk of dit weer herverbruik kan word, word deur iemand herwin. In die strate sien jy ouens wat waentjies stoot met enigiets van skroot-yster tot plastiekhouers. Naby die lughawe is daar ‘n paar firmatjies wat verskillende goed herwin, selfs die sementblokke uit ou paaie word omgekap en in kleiner sementstene vir plaveisel verkoop. Veral skroot-yster (selfs draad) is populêr, want die Chinese koop glo alles vir her-verwerking.

Om darem nou by ‘n paar radio-stories uit te kom: Pointe Noire het vyf radiostasie op FM. Die populêrste van die klomp is een wat heeldag nuus en besprekings uitsaai en ook ‘n Christelike uitsaaistasie. Die Nasionale program is ook redelik populêr en ook op mediumgolf en op die Worldspace “Afristar” satelliet beskikbaar. Daar is vyf Radio-Amateurs in die land gelisensieer, maar heel verstaanbaar geen Radio-liga of klubs nie. Aktiviteit is maar min, ek self het net een TN kontak in my logboek.

Die meeste van die land se mense woon in Pointe Noire en Brazaville, of langs die spoorlyn wat die twee stede verbind. Van die spoorwegstelsel gepraat: Dit is nou behoorlik gehawend. Uit ‘n helikopter het ek gesien hoe daar agter die stasie op spore wat seker eens ‘n werkwinkel-kompleks se spoorbane was lokomotiewe, waens (goedere en passasiers), loko-inspeksie trollies, ens., ens, dig ingeryg staan. Ek het so vinnig getel en op ‘n syfer van 260 geskat.

In gesprekke met Kongolese is ek egter meegedeel dat die haglike toestand van die spoornetwerk nie te wyte is aan sistematiese verwaarlosing nie, maar hoofsaaklik aan skade wat aangerig is gedurende die opstand wat so sewe, agt jaar gelede gebeur het. Tot op daardie stadium was die treindiens (beide passasiers en goedere) goed, maar gedurende die opstand is meeste stasies langs die pad erg beskadig. Daarna het die spoorwegstelsel feitlik tot stilstand gekom. Ek verstaan dat ‘n Italiaanse firma so pas ‘n kontrak toegeken is om die spoorwegstelsel weer op te knap, en passasiersdienste is kort na ek daar weg is weer hervat. Daar is tans drie passesiers-treine per dag tussen Brazzaville en Pointe Noire. Twee in die nag en dan die meer luukse “Blou trein” oornag. Wonder waar kom hulle aan daardie naam?

Die Kongo het slegs 169 km kuslyn, maar ek het 69 olie-produksie platforms (vaste strukture, soos die PetroSA F-A platform naby Mosselbaai) op ‘n kaart getel. Hulle is almal met pypleiding-netwerke aan die land verbind. Sowat 48% van die land se inkomste kom uit die oliebedryf. Die ander belangrike industrieë is sement, hout, en bierbrouery.

Pointe Noire het 1,5 miljoen mense, so hier is baie meer winkels as Port Gentil met sy 38 000 mense, want met die baie groter bevolking is koopkrag in totaal meer.

Ek was twee keer in ‘n supermark van dieselfde ketting wat ons in Port Gentil gebruik en die pryse is goedkoper en die verskeidenheid baie meer. Ek wou een dag haarwasmiddel koop. In Port Gentil sal jy hoogstens ses soorte (Mans en dames) kry, terwyl hier 'n dosyn was.

Wat ook opvallend was is die vlak van dienslewering weereens.

In Port Gentil tel die kassier jou inkopies op, jy betaal en sy smyt vir jou soveel sakkies as wat sy dink jy benodig en dan moet jy self pak. Jy kry ook nog 'n gegrommel as jy nie baie naby aan die regte bedrag gee nie, want hulle het altyd 'n probleem met kleingeld. Die sakkies kom van 'n rol en ek sukkel my altyd lam om hulle oop te kry. Kry dan vuil kyke van die kassiere en die volgende ou agter my in die ry.

Hier is net soos in SA 'n "pakker" wat jou inkopies inpak, jy kry jou kleingeld met 'n glimlag en albei (kassier en pakker) wens jou 'n aangename dag toe as jy loop.

Ek het egter na my eerste besoek gehoor dat die “pakker” nie ‘n werknemer is nie maar vryskut is en ek ‘n fooitjie moes gegee het. ……..

Misdaad is egter meer hier as in Gaboen. Jy word gewaarsku om nie saans in die strate rond te dwaal nie. Ses of sewe man sal jou stop en jou beursie en horlosie opeis. Geluk by die ongeluk as jy dit oorkom is dat die misdaad tot nou toe nog nooit met

geweld gepaard gaan nie. Jy sal nie met 'n mes gesteek of geskiet word nie. Die manne gebruik "minimum geweld" om jou van jou beursie en horlosie te laat afsien.

Naby die hoof-ontspannings areas soos op die strandfront waar meeste restaurante is, is dit heel veilig, want daar is voldoende sekuriteit. Ek dink nie dit is veilig om in enige Afrika stad in die nag alleen rond te dwaal nie, insluitende in Suid-Afrika.

Misdaad kan jy nog vermy deur redelike voorsorgmaatreëls te tref, maar die houtvragmotors maak my baie senuagtig en daaraan kan mens nie veel doen nie. Groot langbak vragmotors met 'n paar gesaagde boomstompe op beweeg deur die industrieële gebied na die hawe. Elkeen van die stompe weeg so 8 tot 9 ton. Party vragmotors het "penne" aan die kante om te keer dat die stompe afrol, maar in meeste gevalle word die klomp net met twee staal kabels vasgemaak. Ek het selfs een gesien wat net met twee dik toue vasgemaak is.

Soos die vragmotors oor die slegte paaie beweeg, rol die boomstompe sywaarts en hang soms langs die vragmotor se bak net aan die kabels. Wanneer mens die vragmotors op die nou paaie verbygaan beweeg jy met 'n motor ONDER hierdie stomp wat so aan die kant hang deur. Sou die kabel of tou breek, val daardie swaar stomp op jou vuurwa, terwyl meeste van die ander in die vrag ook daarna op jou gaan afrol! Daar was al sulke gevalle, met baie ernstige beserings en ook noodlottige ongevalle.

Ongelukkig is jou voorlaaste indruk ook nie 'n goeie een nie, want dit wys hoe korrupsie nog in die land seëvier. Jou bagasie word met die vertrek deeglik deur doeane deurgesoek. Hoofsaaklik om te sien of jy nie enigiets "onwettig" uitvoer nie, waarvoor hulle jou natuurlik deeglik kan "beboet". Wat hulle veral voor soek is geld in die plaaslike munt, want jy mag nie meer dan ongeveer R 300 die land uitneem nie. Ek was egter vooraf gewaarsku, en het net sowat R 132 by my gehad, want mens wil tog nie sonder geld in Port Gentil aankom nie (Gaboon gebruik dieselfde geldstelsel).

Na dit word jou persoon deeglik deurgesoek en jou beursie geïnspekteer en die twee amptenare wys jou daarop dat 'n fooitjie nodig is om verdere "probleme en/of onaangenaamheid" te voorkom. Ek bied toe R12 aan, maar die R60 noot was darem voldoende…….

Mens moet glo ook nie sonder geld daar uitgaan nie, want dan raak die manne heel ongeduldig met jou.

Die vriendelike hulpvaardigheid van die Kongolese meisie in die kafeetjie in die vertreksaal daarna maak darem vir 'n laaste positiewe indruk.



BARK FOTOALBUM

Betsie, LV van
RENE – ZS1VR

Martha, LV van
Pieter – ZS1MV

Andre, ZR1ABQ

Fred, ZR1C

Jeanetta, LV van
CAS – ZS1BID

Keith, ZR1EI

Van:

Boland Amateurradioklub
Posbus 2105
Dennesig
Stellenbosch
7601